

DIE VERSKIL TUSSEN 'N OSSEWA EN 'N BOKWA

Die benaming van waens kan 'n Babelse verwarring afgee. Hier's hulp om te onderskei tussen 'n kakebeenwa, 'n bokwa, 'n halftentwa en 'n kaal wa.

'n Ossewa is 'n rytuig met vier wiele wat gebou is om deur osse getrek te word, maar met die verloop van tyd het daar baie volksname vir verskillende waens ontstaan. 'n Mens hoor van 'n kakebeenwa, 'n bokwa, 'n trolliewa en 'n verewa. Dit is waens waarvan die bou drasties verskil.

Eintlik is net die eerste twee ossewaens. Trollies en verewaens het vere en is vir muile of perde gebou. Osse kan hulle natuurlik ook trek, maar dis 'n bietjie soos die ou kaptein in Botswana wat sy Model-A Ford met 'n span osse getrek het. Trollies ontbreek ook aan 'n langwa in die onderstel, iets wat noodsaaklik is vir osse se krag.

Afhangend van hoe jy 'n wa toerus, word daar gepraat van 'n kaal wa, 'n halftentwa, 'n voltentwa of 'n reiswa. Ander "ekstras" maak enige van dié ook 'n klopperwa, 'n vioolkopwa en so meer. Waens kry ook 'n naam as hulle vir 'n spesiale doel gebruik word, soos 'n katoenwa, 'n wolwa, 'n hooiwa, 'n kolewa, 'n wynwa of 'n nagwa.

As 'n mens die name so bekyk, ontstaan daar 'n verwarring, want dieselfde wa kan 'n bokwa, 'n kaal wa, 'n klopperwa en 'n plaaswa wees! As jy egter net na basiese bouvorm kyk, is alle ossewaens 'n kakebeenwa of 'n bokwa.

DIE KAKEBEENWA/OSSEWA

Sedert Jan van Riebeeck se tyd word ossewaens aan die Kaap gebou — eers soos die Europese plaaswa, oftewel Leiterwagen, en later al hoe meer soos Suid-Afrika se klassieke inheemse kakebeenwa of die pionierswa van die Groot Trek.

Die waens se bo-stel bestaan uit 'n vloer met buikbalke en hoë planklere aan die kante. Dié het agter opgeswaai (kakebeenvorm) en is deur 'n leerbalk bo en onder versterk wat deur hortjies of skeie verbind is. Die hele bo-stel het los gestaan op die voor- en agterskamel en is in plek gehou deur vier lang houtronge.

Die bo-stel pas dus heeltemal tussen die wiele in en is minder as 'n meter wyd. Die aste was oorspronklik van hout en die voorwiele het tien speke. Daar was oorspronklik geen rem agter nie. Die voltent-pionierswa of trekwa is bekend, maar hulle is ook as kaal waens of halftentwaens gebruik. Die Latrobe-wa uit 1812 by Genadendal is die oudste voorbeeld wat behoue gebly het. Die jongste is die Sandstone-wa van 1902 by Ficksburg.

Min kakebeenwaens is ná 1870 gebou, toe bokwaens oorgeneem het. Daar is maar 20 waens of stukke van waens oor. 'n Paar perfekte replikas is vir die gedenktrek van 1938 gebou deur wamakers wat destyds nog aktief was. Meer onlangs het Herman Nel van Modimolle ook daarvan gebou.

DIE BOKWA

Dié het in die 1860's sy verskyning gemaak en was 'n heel nuwe ontwerp. Aste was van staal. Die bo-stel het twee stewige (ongeveer 75 mm x 300 mm) bokbalke langs die kant gehad en geen lere nie, maar gestutte horisontale reëlins wat sywaarts oor die wiele steek en die laai-area na 2 m verbreed

het. 'n Agterrem was nou standaard en voorwiele het 12-14 speke gehad.

Hierdie waens was baie stewiger as kakebeenwaens en kon tot sowat 7 ton dra teenoor die 1 ton of 2 ton wat kakebeen-waens kon dra.

Bokwaens is tot in die 1940's gebou en was vir byna 'n eeu lank Suid-Afrika se hoofvervoermiddel.

Hulle is toegerus vir elke doel wat vragmotors vandag vervul. Elke wamaker het sy eie modelle gebou — soms 'n keuse van vier of meer — maar daar was ook kenmerkende verskille tussen Wes-Kaapse, Oos-Kaapse en Natalse waens.

Gewilde groottes was die klein (14 voet) "intreemodelle" en die volgrootte (18 voet) vragwa. Feitlik ál die oorlewende waens in die land is bokwaens.

Geskryf deur Prof. Erik Holm